<u>Skriflesing:</u> Johannes 14:16-18;25-26; 16:7-8
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 20**
Teks: Johannes 14:16
Sing- SAMESANG: Ps.63:1,2
TYDENS EREDIENS: Ps.31:4,15; Ps.77:1,2; Ps.66:7,8

Die gedeeltes wat ons uit Johannes gelees het, broeder en suster, is deel van die laaste kere waarin Jesus sy dissipels voor sy kruisiging onderrig. Die tyd van sy heengaan is naby. Juis in so 'n tyd is dit asof Jesus vir hulle oor en oor wil verseker watter belangrike plek die Heilige Gees gaan inneem. *Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid* (Joh.14:16-17). Ons hoor hoe Jesus sy dissipels selfs van nog groter voordele oortuig. *Ek sal julle nie as wese agterlaat nie. Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan want as Ek weggaan sal Ek die Trooster na julle stuur…*Op Pinkster is hierdie groot belofte ten volle vervul (Hand 2:1-13).

Vir ons as kerk van die Here, gaan dit in ons harte en in ons lewens werklik om die vraag – ***Wat glo jy van die Heilige Gees?*** Ek moet nie wil verduidelik wat verstaan ek nie, of daar word nie maar gevra wat kan jy my van die Heilige Gees vertel nie. Duidelik en op die man af Wie is die Heilige Gees vir jou en vir my. Sonder Hom sou Christus nie ons deel gewees het nie. Ja so ernstig is hierdie belydenis van Sondag 20. As dit nie vir die Heilige Gees was nie dan het ons nie naby Christus kon kom nie, nog minder sou ons kon deel in alles wat Christus vir ons gedoen het. Om los van Christus te staan beteken dat Christus in alles vir jou waardeloos sou wees. Dit is soos om sterwende in die woestyn na 'n glas water te moet staar maar daar is geen manier waarop jy daardie glas in jou hand kan neem en naby jou mond kan bring nie. Dit sal jou in jou dors niks help om net na die water te kyk nie, maar om werklik in jou dors te bly lewe, moet daardie water jou lewe inkom.

Presies hierin besef ons iets van die geweldige werk van die Heilige Gees. Om te deel in wat Christus vir ons gedoen het is die eerste en die belangrikste wat moet gebeur dat Christus in ons moet kom woon. Christus kom woon in ons deur sy Heilige Gees. Hierdie gee die grootheid en die rykdom van Sondag 20 vir ons in kort weer. Maar laat ons besef nog vóór ek mag kom by die vaste wete dat die Heilige Gees ook aan my gegee

is, is dit van die grootste belang om nie by ons te begin nie, maar by die Heilige Gees Self. Wie is Hy?

Geliefdes, Hy is in alles waarlik God. Die Kategismus sê dit so duidelik- dat **Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is.** Ons staan weer voluit by wat ons in Sondag 8 bely het. Ons belydenis rondom hoe God Hom as ’n Drie-Enige God openbaar. In Wie God vir ons is, dit is waaroor God met ons sy Woord oopmaak, om geen ander rede nie. Om die Heilige Gees in alles as ware God te bely moet voorop staan, want sou dit nie gedoen kan word nie, maar ek sou wel bely dat Hy ook aan my gegee is, dan sou dit eintlik so twyfelagtig gewees het Wie nou eintlik aan my gegee as ek nie vooraf presies weet Wie Hy werklik is nie. Hy wat een is met God die Vader en God die Seun. Omdat ek dit weet maak die tweede deel van Sondag 20 soveel ryker as dit later daarby kom dat Hy ook aan my gegee is.

Die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag, daar in die hart van die Nuwe-Testamentiese kerk in Jerusalem, daar het werklik iets so groot gebeur wat eintlik nie herhaal kan word nie. So groot was hierdie gebeurtenis dat ons tot vandag op hierdie oomblikke moet sê ek sou God nie kon ken as dit nie vir hierdie gebeurtenis was nie. Hierdie was nie maar net ’n goddelike krag, ’n goddelike invloed, wat God oor laat kom het, dat dit as iets geheimsinnig gesien moet word wat ons eintlik nie kan verstaan wat daar gebeur het nie. Née, broeder en suster, wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie.

Soveel te meer in Wie Hyself is. Hy is Een met die Heilige Gees. Hy is God wat na ons kom toe sy Heilige Gees na ons gekom het. Die Heilige Gees is nie maar ’n krag, onbegryplik groot nie, maar Hy is ’n Persoon. Hy doen Self dinge. So min soos God van die Gees losgemaak kan word, so min mag ons die Woord van die Gees losmaak. Die Woord van die Gees leer ons, Hy gee getuienis, Hy oortuig, Hy verheerlik, Hy openbaar, Hy gee gawes. Die Heilige Gees doen dit alles. Daar is niks van die dinge wat van God gesê word, wat nie ook van die Heilige Gees gesê kan word nie.

Wanneer ons die Heilige Gees bedroef, of ons weerstaan die Heilige Gees, of ons kom by die geweldige sonde van om die Heilige Gees uit te blus dan is dit sonde wat teen God gedoen word. Hy wat jou die sonde kan vergewe, Hy word in sy Wese aangetas, Hy wat die vergewing kan skenk word verloën in wat mense dan dink nie moontlik is nie. Sonde teen die Heilige Gees word nie vergewe nie, want in werklikheid word mos dan gemaak dat Hy wat jou moet vergewe Hy word nie geken as die Een wat jou kan vergewe nie. Daarom dat so ’n sonde nie vergewe kan word nie, dit wat God se Woord noem, sonde teen die Heilige Gees.

Ek moet in die Heilige Gees net soveel glo soos wat ek in God die Vader en in God die Seun glo. Al die beloftes wat ons in Sondag 7 genoem het, al die dinge wat ’n Christen moet glo, die Heilige Gees wil ook by Sondag 7 ingeskryf staan as Een wat waarlik in geglo moet word.

Hy wat aan ons belowe word in Hom moet daar geglo word. Wanneer ons dit só stel- Hy is aan ons belowe, dan is die Heilige Gees wat ons kan noem ’n gawe van God, maar dat daar in hierdie gawe geglo moet word, dit bring die rykdom in die rykdom, want hierdie gawe, die Heilige Gees, Hy word Self weer ’n Gewer.

Die Gees as gawe van God, God het Hom aan ons geskenk, dan is Hy van die Vader en van die Seun ’n ewe groot geskenk. Johannes 14 sê Jesus- *Ek sal die <u>Vader</u> bid en Hy sal julle ’n ander Trooster stuur…*maar twee hoofstukke verder dan sê Jesus- *<u>Ek</u> sal Hom na julle stuur.* Die Vader en die Seun stuur Hom, en presies op die tyd wat Christus sy werk afgehandel het. Die Heilige Gees sou nie kon werk as dit nie was vir die werk wat Christus eerste gedoen het nie. Sommer op die eerste dag van Jesus se opstanding dan word daar in besonder gesê- Joh.20:22- *Ontvang die Heilige Gees*. En voor Jesus se hemelvaart vanaf die Olyfberg dan belowe Jesus sy dissipels dat hulle weldra die volheid van die Gees sal ontvang.

Pinksterdag word die Heilige Gees aan daardie gelowiges gegee wat daar in Jerusalem op sy koms gewag het. Hy kom na die Here se kerk. Hy word as ’n gawe ontvang wat hulle

as kerk, as Nuwe-Testamentiese gelowiges met blydskap ingewag het. Hierdie koms van die Gees na die kerk van die Here is vir die wêreld heeltemal onverstaanbaar. Die ongelowiges het sommer op daardie dag van die Gees se koms met die gelowiges gespot en gesê hulle is dronk (vgl. Hand.2:13; Joh.14:16). Jesus wat gesê het gebeur- *Die wêreld kan Hom nie ontvang nie omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie.*

Hierdie koms van die Heilige Gees en die wonderlike gebeure daar, wind en vuur is gesien, gehoor, daardie warmte op jou maar wat jou nie brand nie, dit word ’n warmte in hulle en verskillende tale, wat die ore en harte vir hierdie besondere koms moes oopmaak, die Heilige Gees word in volheid aan sy kerk geskenk. Charismatiese kerke wil dikwels voorgee om hierdie Pintstergeweld en Pinksterentoesiasme te laat herleef.

Hoekom wil ons nie hierdeur emosioneel meegesleur word nie. Om die eenvoudige rede Hy wat gekom het, het klaar gekom. Hy werk en Hy woon in ons lewens, wat nie van ons af weggaan nie. Ons kan dalk ons dit alles voorstel soos met ’n stroom wat jy rustig voor jou sien verby vloei. Die begin van so ’n rivier is gewoonlik daar hoog in die berge, waar dit geweldig saamstroom, die water val oor die klippe dit maal en bruis, geweldig hoe die water oor groot kranse val, watervalle na benede, so was ook die koms van die Gees. Dieselfde water wat daar so geweldig uit die berge stroom is verby daardie stadium. As dieselfde water later die vlakte invloei, dan is dit nog steeds kragtige water, maar rustig is die groot stroom dan besig om verby te stoot. So sien ons iets van die Heilige Gees in ons tyd. Na die geweldige van Pinkster stroom Hy rustig en kragtig deur die eeue heen.

Nou is ons werklik gereed om hierdie groot gawe wat aan ons geskenk is, die Heilige Gees wat so deur ons lewens werk, om Hom nie alleen as gawe te sien nie, maar Hy wat gegee is, Hy is ook Gewer. Hy wat aan my gegee is, gee verder…

Broeder en suster, hierdie gebeurtenis moet ons vasgryp. Die Gees wat in die midde van die gemeente gegee is, wil aan elke kind van God persoonlik gegee word- ***…Ook aan my gegee…*** Wanneer jy sonde in jou lewe raaksien, jy kry waarlik berou oor jou sonde, dan

is die Gees daar in jou aan die werk. As jy verlang om naby God te wees, wanneer die Woord van God jou werklik naby God bring, dan is dit nie ek of jy wat so wonderlik is nie. Die Heilige Gees troos en versterk, die Heilige Gees maak jou bly in jou geloof dat jy daarin kan bly wees, , dit dwing jou op jou knieë, dit laat jou besef God is groot en goed. Hierdie gawe bring oorgawe, maar dit kom ook as ingawe. As Gewer wil die Heilige Gees die woorde van die Kategismus so ons lewe inbring- daar word van die Heilige Gees gepraat as daar staan- **sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.**

Die onlosmaaklike bande kom weer na vore. Wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie. Christus en al sy weldade kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die weldade wat ons hier van praat is groot rykdomme, dit is soos skatte, een vir een kom hulle na ons toe, maar hulle kan nie werklik getel of geweeg word nie, maar die Heilige Gees gee elkeen van hulle vir jou en vir my.

Dink net wat hierdie Gewer die Heilige Gees aan jou gee as Hy jou die geloof skenk. Die ware geloof. Hier vind eintlik deur die geloof iets geweldig plaas. Christus wat sy Heilige Gees aan sy kerk gee, Christus gee sy Gees aan ons, maar dan is dit weer die Gees wat Christus aan ons gee. Hierdie taal van die huwelik, liefdestaal wat eintlik in Sondag 20 opgeteken staan. Om vergewing van sondes te ontvang, om die oue mens te kruisig, die nuwe mens in jou te laat opstaan, ewige geregtigheid, heerlikheid, daardie geweldige groot dinge wat alleen God kan doen. Die Heilige Gees lê die verbinding tussen daar waar Christus is, daar aan God se regterhand, daar is Christus u Voorspraak, en ons is hier onder. Maar deur die Heilige Gees word ons verbind aan al die groot dinge in wat Christus vir ons groot gemaak het. Die Gees maak dat Christus hier by ons is, dat Hy in ons is. Hy maak Hom nou nog die Immanuel- God met ons. Die Heilige Gees laat ons nie net aan Christus deel nie, maar Hy maak ook al die weldade van Christus deelagtig. Waarlik dit is Christus wat die Heilige Gees aan ons gee, en dit is die Heilige Gees wat Christus aan ons gee.

As Gewer werk die Heilige Gees veral deur die bediening van die Woord en die sakramente. Die Woord is die Heilige Gees se Woord. Hy laat sy Woord bedien. Wanneer mense op openbarings buite en los van die Woord op wag, dan is dit niks anders as sektariese geesdrywery, wat gewoon maak asof die Woord nie van die Heilige Gees kom nie. Hoe hartseer dat sulke mense aan wat die Woord bied nie genoeg het nie, en daarom sal hulle aan wat die ware kerk bied hulleself ook nie daar voeg nie. Dit terwyl die Heilige Gees in die kerk van Christus wil woon en vanuit die kerk wil werk. Soos die Nyl van bo tot onder deur Egipte vloei, en daar waar dit stroom daar maak dit die land vrugbaar. So kan ons ook aan die werk van die Heilige Gees dink. Soos wat die Heilige Gees in die kerk woon en deur die kerk werk, so berei Hy ons ook voor vir die koms van die Bruidegom. Dit is die Gees wat die kerk laat uitroep- *Kom, Here Jesus, kom gou!*

Elke gelowige kan egter weet Hy is ook aan my gegee…Soos wat Hy ons aan Christus en al sy weldade deel laat kry, so is Hy ook die Een wat elke kind van God troos. Daarom dat Hy ook die *Parakleet- die Trooster* genoem word. Johannes 14 laat in besonder die klem rus op hierdie wonderlike troos wat hier na ons kom. Daar is in alle geval net één manier waarop ons getroos kan word. Die Gees werk nie soos met die lap van ‘n slegte apteker, wat stinkende wonde maar net ‘n salfie opsmeer en dan wil toedraai nie. Nee, die Gees wil ons reinig, daarom dat Hy in die geheel ons inkom, Hy wil ons van binne reinig, Hy werk nie maar net van buite nie. Hy sien nie elke donker wolk het maar ’n silwer randjie soos wat ons as mense mekaar dikwels troos nie, want is dit in alle geval nie só nie. As die Gees ons troos, troos Hy ons met Jesus Christus. Watter pragtige aansluiting wat eintlik Sondag 1 ten volle weer aan ons bied. Daardie loflied op ons enigste troos dat ek met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Antwoord 53 bedien hierdie troos van Sondag 1 vraag 1 deur die Heilige Gees aan ons te skenk. Hierdeur word u as eiendom van Jesus Christus verseël.

Die laaste sinnetjie van antwoord 53 troos ons deur te verklaar dat Hy **ewig by my bly.** Dit sluit die volle betekenis van Johannes 14:17 in as Jesus dan ook sê – *julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.* As die Heilige Gees jou vashou dan los Hy jou nie weer nie. As gelowiges kan ons volhard. Selfs al val God se kinders baie diep, dit

wat die Dordtse Leerreels ons ook mee troos, toe daar 50 jaar na die Kategismus die Dordtse Leerreels op die sinode van Dordrecht 1618/19 opgestel was. Vergelyk veral die Dordtse Leerreels in hfst..5 par.6- **God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging val nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.** Watter wonderlike troos wat dit alles insluit as ons uit die Kategismus bely dat die Heilige Gees ewig by my bly. Niemand van ons sou in die geloof kon volhard as die Gees nie by ons sou bly nie. As dit nie hiervoor was nie, wat sou van Jakob geword het, wat sou van Dawid geword het, elkeen van hulle het so hard met hulle eie sonde gebots, Petrus wat Jesus verloën het, maar die Heilige Gees het by hulle gebly. Selfs as ons by Sondag 22 kom en dit gaan oor die opwekking van die liggaam nadat jy gesterwe het, watter troos dat selfs die Heilige Gees nog steeds by sy kinders bly. Selfs deur die dood neem Hy ons in sy skoot. Loof Hom in Hom Wie jy glo as daar vir jou gevra word- **Wat glo jy van die Heilige Gees?**

AMEN

Vrae uit Sondag 20

1. Wanneer is die belofte van die Heilige Gees se koms ten volle vervul?
2. Was die Heilige Gees nie ook in die Ou Testament teenwoordig nie?
3. Hoekom is ons geloof in die Heilige Gees so belangrik?
4. Wie is die Heilige Gees? Vgl. ook Sondag 8 HK.
5. Hoe sal jy aan ‘n Jehova-getuie die werk van die Heilige Gees kan verduidelik as so iemand die Heilige Gees net ’n krag van God noem?
6. Is die werk van die Vader en die Seun belangriker as die werk van die Heilige Gees?
7. Wat word daar bedoel as ons glo dat die Heilige Gees ’n gawe van God is maar dan is die Heilige Gees Self ook Gewer van die gawes van God?
8. Kan daardie Pinkstergeweld en Pinsterentoesiasme wat direk na die uitstort van die Heilige Gees plaasgevind het nog weer en weer herhaal word? Motiveer.
9. Wat beteken dit vir jou as jy mag hoor dat die Heilige Gees *ook aan my gegee is?*
10. Wil die Heilige Gees ooit los van die Woord werk?
11. Wil die Heilige Gees buite die kerk en ook los van die kerk bely word?
12. Wat beteken dit as die Heilige Gees ook die *Parakleet* van God genoem word?
13. Watter wonderlike troos bied daardie laaste sinnetjie van ons belydenis as ons mag glo dat *Hy ook ewig by my bly?*

SONDAG 20


53. Wat glo jy van die *Heilige Gees?*
Hy is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God
Hy is ook aan my gegee
Hoekom?
sodat Hy my aan Christus en al sy weldade deel laat kry
om my te troos
om ewig by my te bly
Hoe? deur 'n ware geloof